
Q&A
Noag
MIDRASH VRAE
www.houtkruis.co.za

# MIDRASH VRAE

## DIE GEDEELTES WAT ONS SAAM BESTUDEER IS:

**Torah:** Gen. 6:9 – Gen. 11:32
**Haftarah:** Jes. 54:1-55:5
**B'rit Hadashah:** I Pet. 3:18-22; Luk. 17:20-27, Mat. 24:36 -39

1. Watter drie kenmerke van Noag leer ons uit Genesis 6?
2. Hoe verskil die Bybelse begrip van 'n tzaddik (regverdige) van die moderne idee van "'n goeie mens wees"?
3. In Genesis word die aarde beskryf as "vol geweld" (chamas) en "verdorwe" (shachat). Wat leer hierdie Hebreeuse woorde ons oor die aard van sonde?
4. Wat het Abba Vader vir Noag gevra om te bou, en hoekom het dit hom 100 jaar geneem om dit te voltooi? Op watter manier is dit 'n prentjie of tipologie van Yeshua?
5. Wat beteken die teer waarmee die ark bedek is, en hoe verwys dit na Yeshua?
6. Waarom het die ark een deur gehad, en wat verteenwoordig dit?
7. Waarom moes daar sewe pare van die rein diere wees, maar net twee van die onrein diere?
8. Voordat Noag in die ark geklim het — het dit al ooit gereën op aarde? Hoe lank het dit gereën nadat hulle binne was?
9. Wat beteken dit dat Abba Vader self die deur van die ark gesluit het, en hoe verteenwoordig die deur Yeshua?

10. Waarom gee Abba Vader nog sewe dae nadat hulle in die ark geklim het, voordat Hy die reën stuur?

11. Wat simboliseer die kraai, die duif en die olyftakkie waarmee die duif teruggekom het?

12. Waarom bring Noag 'n offer ná die vloed?

13. Waarom mag die mens ná die vloed diere eet, maar nie bloed nie?

14. Wat simboliseer die reënboog?

15. Nadat Noag en sy gesin die ark verlaat het, het Abba Vader hulle geseën en hulle 'n gebod gegee. Wat was die gebod, en hoeveel keer herhaal Hy dit?

16. Wie was Nimrod?

17. Jare ná die vloed bou die mense van die aarde 'n toring. Hoekom het hulle dit gedoen?

18. Die Hebreeuse woord vir Babel is Bavel. Wat beteken dit, en hoe is dit vandag nog op ons van toepassing?

19. In Genesis 9:20–25 sien ons dat Gam, Noag se seun, iets verkeerd gedoen het — of was dit Noag wat verkeerd opgetree het? Wat was die gevolge daarvan?

20. Hoe was die dae van Noag waarna Yeshua verwys in Matteus 24:37, waar Hy sê: "Net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees"?



